


Die Vier Perde van Openbaring 6.



Open 6:2 En ek het gesien, en kyk, daar was 'n wit perd. En hy (Anti-chris) wat daarop sit, het 'n boog; en aan hom is 'n kroon gegee, en hy het uitgegaan as 'n oorwinnaar en om te oorwin.

Die Oopmaak van die seëls.

Ons lees in Openbaring 6 van die begin van die vreeslike plaë waarmee God die aarde gedurende die Groot Verdrukking sal tref. Dit is nie net die Satan en sy handlangers (die Antichris, die Valse Profeet en hul geesgenote) wat lyding en ellende sal veroorsaak nie. God self sal sy hand ten kwade uitstrek teen die Godveragterende aardbewoners.

Vreeslike dinge gebeur wanneer die eerste ses seëls van God oopgemaak word. Die Antichris maak sy verskyning: daar is dus oorlog en onderlinge stryd; dood; hongersnood; 'n ontsettende aardbewing wat berge en eilande "uit hul plekke versit". Dit is so 'n verskriklike tyd dat hierdie goddelose mense uitroep na die berge en heuwels om hulle te bedek vir die aangesig van God wat op die troon sit en van die toorn van die Lam, "want die groot dag van Sy toorn het gekom en wie kan bestaan? LUKAS 23:30

Hoofstuk 6 handel oor die eerste 6 seëls van die boek. Hier begin die werklike misterie, want hierdie openbaring is in die simboliek geskrywe. Vanaf verse 2 tot 8 maak ons kennis met die vier ruiters van die (Grieks) "apokalypse" (= Openbaring en beteken ontsluiting of onthul.) Die boek openbaring is dus 'n profetiese boek vir die toekoms. Geslagte lank probeer mense al vasstel wat hierdie ruiters voorstel, en daar is dus ook heelwat verklarings van wat hulle sou beteken.

Wie hulle is en wat hulle verteenwoordig, sal net Jesus ons met sekerheid kan sê. Onthou, Jesus maak die seëls oop en al wat Johannes sien, is simbole. Die Here gebruik dikwels die simboliek om die betekenis vir die mens weg te steek.

Ons leer uit Mark 4:10-13 dat Jesus gelykenisse gebruik om die waarheid te bedek, maar later verduidelik Hy wat dit beteken.

Mar 4:10 En toe Hy alleen was, het die wat saam met die twaalf rondom Hom was, Hom na die gelykenis gevra.

Mar 4:11 En Hy sê vir hulle: Aan julle is dit gegee om die verborgenheid van die koninkryk van God te ken, maar vir hulle wat buite is, kom alles deur gelykenisse,

Mar 4:12 sodat hulle kan kyk en kyk, en nie sien nie; en hoor en hoor, en nie verstaan nie, dat hulle hul nie miskien bekeer en die sondes hulle vergewe word nie.

Mar 4:13 En Hy sê vir hulle: Begryp julle nie hierdie gelykenis nie? En

hoe sal julle al die gelykenisse verstaan?

In Openbaring 6 gee Hy vir ons net die simbole, nie die betekenis nie. Ons moet dus na Jesus gaan vir die betekenis van die simbole. Dit kan ons net in Sy Woord kry. Dit is dan ook die sleutel van al die simbole in Openbaring, gaan soek die betekenis elders in die Woord van God.

ONTHOU JESUS CHRISTUS IS DIE WOORD!!! (Joh 1: 1 - In die begin was die WOORD, en die WOORD was by GOD, en die WOORD was GOD.)

Dus vra ons: Word die betekenis van die 4 ruiters elders in die Bybel verduidelik? Die antwoord is JA! Aan die einde van Jesus se aardse bediening het Hy sy groot profetiese rede uitgespreek en daarin vertel Hy ons van die eindgebeure kort voor sy wederkoms.

In Matt 24 : 3 - 14 gee Jesus vir ons 'n uiteensetting van die betekenis van die 4 perde van Openbaring 6.

Die begin van die "smarte" = (Grieks = geboortepyne.)Vers 8

Mat 24:3 En toe Hy op die Olyfberg gaan sit het, kom die dissipels alleen na Hom en sê: Vertel ons, wanneer sal hierdie dinge wees, en wat is die teken van u koms en van die voleinding van die wêreld?

Mat 24:4 En Jesus antwoord en sê vir hulle: Pas op dat niemand julle mislei nie.

Mat 24:5 Want baie sal onder my Naam kom en sê: Ek is die Christus! (Valse christusse) en hulle sal baie mense mislei.

Mat 24:6 En julle sal hoor van oorloë en gerugte van oorloë. Pas op, moenie verskrik word nie, want alles moet plaasvind, maar dit is nog nie die einde nie.

Mat 24:7 Want die een nasie sal teen die ander opstaan en die een koninkryk teen die ander; en daar sal hongersnode wees en pesiektes en aardbewings op verskillende plekke.

Mat 24:8 Maar al hierdie dinge **is 'n begin van die smarte =. (Gr betekenis = geboortepyne)**

Mat 24:9 Dan sal hulle jul aan verdrukking oorgee en julle doodmaak; en julle sal deur al die nasies gehaat word ter wille van my Naam.

Mat 24:10 En dan sal baie tot struikel gebring word en mekaar ver-

raai en mekaar haat.

Mat 24:11 En baie valse profete sal opstaan en baie mense mislei.

Mat 24:12 En omdat die ongeregtheid vermeerder word, sal die liefde van die meeste verkoel.

Mat 24:13 Maar wie volhard tot die einde toe, hy sal gered word.

Mat 24:14 En hierdie evangelie van die koninkryk sal verkondig word **in die hele wêreld tot 'n getuienis vir al die nasies; en dan sal die** einde kom. (Einde van wereldevangelisasie of genade dispensasie.)

Eerste seël - Die Wit Perd (Antichris).

Open 6:1 En ek het gesien toe die Lam (Jesus) een van die seëls oopmaak; en ek het een van die vier lewende wesens hoor sê, soos die geluid van 'n donderslag: **Kom kyk!**

Open 6:2 **En ek het gesien, en kyk, daar was 'n wit perd** En hy (Antichris). **wat daarop sit, het 'n boog; en aan hom is 'n kroon gegee, en hy het uitgegaan as 'n oorwinnaar en om te oorwin.** (Die doelbewuste versteekte pyle is valse vrede)

Hier moet ons duidelik onderskei tussen hierdie ruiter op die wit perd (wat met 'n klein letter 'hy' geskryf word) en die Ruiter op die wit perd (wat met 'n hoofletter 'Hy' geskryf word) van Open 19:11 " **Toe het ek die hemel geopend gesien; en daar was 'n wit perd, en Hy (Jesus) wat daarop sit, word genoem Getrou en Waaragtig, en Hy oordeel en voer oorlog in geregtigheid.**"

Openbaring 6 se "ruiter" op die wit perd verteenwoordig 'n valse christus en sy "wit perd" verteenwoordig valse vrede.

Mat 24:5 Want baie sal onder my Naam kom en sê: Ek is die Christus! en hulle sal baie mense mislei.

Antichris is anti-Jesus Christus en beteken "wetteloosheid".

Ons gewaar alreeds dat die gees en sisteem van die wêreld wetteloos is.
[Toename in moord, verkragting, diefstal, onsedelikheid ens]

1Joh 2:18 Kinders, dit is die laaste uur; en soos julle gehoor het dat die Antichris kom, bestaan daar ook nou baie antichriste, waaruit ons weet dat dit die laaste uur is. (Daar is huidiglik meer as 'n honderd valse christusse regoor die wereld, wat daarop aanspraak maak dat hy die christus is.)

Die Antichris.

Onder die voortekens van die wederkoms van Christus neem die teken van die Antichris die laaste, maar belangrikste plek in. Uit die gegewens wat die Bybel ons bied, wil ons van hierdie sondemens, soos die apostel Paulus die Antichris noem, 'n beeld probeer skep.

Hy kom, dis seker; en hy kom as 'n werklike mens van vlees en bloed.

Ek weet nie of ons (die Kerk - die wedergebore - bloedgewaste - verlostes) die Antichris sal sien nie, want sy hoofdoel het te make met Israel soos in Daniël se 70ste jaarweek bewys is, want voor die 70ste jaarweek, d.w.s. die laaste 7 jaar, (Antichris regering) kom die Here sy eie van die aarde wegneem; ons verwys nl. na die wegvoering = Gr = "Harpazo" = wegraap. Hierdie Antichris se aanvalle sal teen Israel gerig wees en ook teen al die godsdienste van die wêreld.

Dan 12:4 En jy, Daniël, hou die woorde geheim en verseël die boek tot die tyd van die einde toe (nou duskant die wederkoms); baie sal dit deursoek, en die kennis sal vermeerder. (van die Profesieë)

Dan 12:9 En hy het gesê: Gaan heen, Daniël, want die woorde bly verborge en verseël tot die tyd van die einde toe.

Dan 12:10 Baie sal gereinig en gesuiwer en gelouter word, maar die goddelose sal goddeloos handel; en geeneen van die goddelose mense sal verstaan nie, maar die verstandiges sal verstaan.

Bélial is 'n ander naam vir Lucifer wat beteken **'wettelose'**. **Antichris beteken 'wetteloosheid'. 2 kor 6:15**

Dan 7 - die vier diere. (600 vC)

Dan 7:2 Daniël het gesprek en gesê: Ek het in die nag in my gesig gesien, en kyk, die vier winde van die hemel het die groot see (volkere see) in beroering gebring;

Dan 7:3 en vier groot diere het uit die see (volkere see) opgeklim, die een verskillend van die ander.

Dan 7:4 Die eerste **was soos 'n leeu** (Babiloniese ryk), en hy het **vlerke van 'n arend gehad; ek het bly kyk totdat sy vlerke uitgeruk is en dit van die grond af opgehef en soos 'n mens op twee voete neergesit is en daaraan 'n mensehart gegee is.**

Dan 7:5 **En kyk, 'n ander dier, 'n tweede, het gelyk soos 'n beer**

(Mede en Perse - moderne Iran), en is aan die een kant opgerig; en drie ribbes was in sy bek tussen sy tande; en só het hulle vir hom gesê: Staan op, eet baie vleis.

Dan 7:6 **Daarna het ek gesien, en kyk, daar was 'n ander een soos 'n** luiperd (Griekeland - Alexander die Grote /vier koppe en vier vlerke = ná hom verdeel die Griekse ryk in vier koninkryke.), en dit het vier vlerke **van 'n voël op sy rug gehad; ook het** die dier vier koppe gehad, en aan hom is heerskappy gegee.

Dan 7:7 **Daarna het ek in die naggestigte gesien, en kyk, daar was 'n** vierde dier (Antichris), vreeslik en skrikwekkend en baie sterk, en dit het groot ystertande gehad (herleefde Romeinse ryk); dit het verslind en vermorsel en die oorskot met sy pote vertrap; en dit was verskillend van al die diere wat voor hom gewees het, en dit het tien horings (V N Nasies) gehad.

Dan 7:8 Terwyl ek op die horings (V N Nasies) **ag gee, kom daar 'n** ander horinkie (Antichris) tussen hulle op, en drie van die vorige horings (drie van die tien nasies) is daarvoor ontwortel; en kyk, in hierdie horing (Antichris) was oë soos mens-oë, **en 'n mond wat** groot dinge spreek.

Dan 7:17 Hierdie groot diere wat vier is—vier konings sal uit die aarde opstaan; (1. Babilon 2. Mede en Perse 3. Griekeland 4. Herleefde Romeinse ryk.)

Dan 7:19 Toe wou ek sekerheid verkry oor die vierde dier (Antichris) wat van al die ander verskillend was, buitengewoon vreeslik, met ystertande (herleefde Romeinse ryk) en met koperkloue (Mede en Perse - die moderne Iran), wat verslind, vermorsel en die oorskot met sy pote vertrap het,

Dan 7:20 en oor die tien horings (V N Nasies) wat op sy kop was, en die ander een wat opgekom het en waarvoor drie geval het, naamlik hierdie horing (Antichris) **wat oë en 'n mond gehad het wat groot** dinge gespreek het, terwyl sy gestalte groter was as van die ander.

Dan 7:21 Ek het gesien dat hierdie horing oorlog voer met die heiliges (Joodse volk en die martelare van Openb. 7) en hulle oorwin,

Dan 7:23 Só het hy gesê: Die vierde dier (Antichris) —die vierde koninkryk sal op die aarde wees, wat verskil van al die koninkryke en die hele aarde sal verslind en dit sal vertrap en dit verbrysel.

Dan 7:24 En die tien horings (V N nasies) —uit daardie koninkryk **sal tien konings opstaan, en 'n ander een sal ná hulle opstaan, en hy**

sal verskillend wees van die voriges en drie konings neerwerp.
Dan 7:25 En hy (Antichris) sal woorde spreek teen die Allerhoogste en die heiliges van die Allerhoogste mishandel; en hy sal probeer om tye en wet te verander, en hulle sal in sy hand oorgegee word **gedurende 'n tyd en tye en die helfte van 'n tyd. (tyd = 1 jaar/ tye = 2 jaar / die helfte van 'n tyd = 'n halwe jaar - gesamentlik 3½ jaar)**

Openbaring 13 (600 jaar na Daniël)

Seshonderd jaar na Daniël gee die Here vir Johannes, op die eiland Patmos, 'n gesig oor dieselfde diere (Dan 7).

Openb 13:1 **En ek het 'n** dier (Antichris) uit die see (volkere see) sien opkom met sewe koppe (Rome is gebou op sewe heuwels) en tien horings (V N Nasies), en op sy horings tien krone en **op sy koppe 'n naam van godsclastering.**

Openb 13:2 En die dier (Antichris) **wat ek gesien het, was soos 'n** luiperd(Griekeland), **en sy pote soos dié van 'n** beer (Mede en Perse - moderne Iran), **en sy bek soos die bek van 'n** leeu (Babilon - moderne Irak); en die draak (Lucifer) het hom (Antichris) sy krag gegee en sy troon en groot mag.

Openb 13:3 En ek het een van sy koppe (Antichris) gesien net of dit dodelik gewond was, en sy dodelike wond is genees. En die hele wêreld het verwonderd agter die dier aan gegaan.

Openb 13:4 En hulle het die draak (Lucifer) aanbid wat die dier (Antichris) mag gegee het, en die dier (Antichris) aanbid en gesê: Wie is aan die dier (Antichris) gelyk? Wie kan teen hom oorlog voer?

Openb 13:5 **En 'n mond is aan** hom (Antichris) gegee wat groot woorde en godsclasteringe uitspreek, en aan hom (Antichris) is mag gegee om dit twee en veertig maande (drie en 'n half jaar) lank te doen.

Openb 13:6 En hy (Antichris) het sy mond oopgemaak om te laster teen God, om sy Naam en sy tabernakel en die wat in die hemel woon, te laster.

Openb 13:7 Dit is ook aan hom(Antichris) gegee om oorlog te voer teen die heiliges (Joodse bevolking en Martelare van Openb 7) en hulle te oorwin, en aan hom is mag gegee oor elke stam en taal en nasie.

Openb 13:8 En al die bewoners van die aarde sal hom (Antichris)

aanbid, almal wie se name nie van die grondlegging van die wêreld af in die boek van die lewe van die Lam wat geslag is, geskrywe is nie.
Openb 13:9 **As iemand 'n oor het, laat hom hoor.**

Die Valse Profeet - Godsdienstige wêreldleier.

- Openb 13:11 En uit die aarde (nie van God nie) **het ek 'n** ander dier (valse profeet) sien opkom, en hy het twee horings gehad net **soos 'n lam en het gepraat soos 'n draak** (Lucifer).
- Openb 13:12 En hy (valse profeet) oefen al die mag van die eerste dier (Antichris) uit voor sy oë, en hy (valse profeet) maak dat die aarde en die wat daarop woon, die eerste dier (Antichris) aanbid, waarvan die dodelike wond genees is. (Word uit die dood opgewek - Openb 13:3)
- Openb 13:13 Hy (valse profeet) doen ook groot tekens, sodat hy selfs vuur uit die hemel laat neerdaal op die aarde voor die oë van die mense.
- Openb 13:14 En hy (valse profeet) verlei die bewoners van die aarde deur die tekens wat hom (valse profeet) gegee is om voor die oë van die dier (Antichris) te doen, deur aan die bewoners van die **aarde te sê dat hulle 'n beeld moet maak** vir die dier (Antichris) wat die swaardwond ontvang en lewendig geword het.
- Openb 13:15 En dit is hom gegee om **'n gees aan die dier** (Antichris) se beeld te gee, sodat die dier (Antichris) se beeld ook sal praat en maak dat almal gedood word wat die dier (Antichris) se beeld nie aanbid nie.
- Openb 13:16 En hy maak dat aan almal, klein en groot, en die rykes en **die armes, en die vrymense en die slawe 'n merk (666)** op hulle regterhand en op hulle voorhoofde gegee word;
- Openb 13:17 sodat niemand kan koop of verkoop nie, behalwe hy wat die merk of die naam van die dier of die getal van sy naam het.
- Openb 13:18 Hier kom die wysheid te pas. Wie die verstand het, laat hom die getal van die dier bereken, **want dit is die getal van 'n mens**; en sy getal is ses honderd ses en sestig. 666.

Lucifer die na-aper van God.

DIE ONHEILIGE DRIELING !!!

1. LUCIFER versinnebeeld God die Vader

2. Die ANTICHRIS versinnebeeld die Seun, Jesus Christus
3. Die VALSE PROFEET versinnebeeld die Heilige Gees.

Na-aap die Dood en opstanding van Jesus:

HY WORD GENEES VAN 'N DODELIKE WOND !

Openb 13:3 En ek het een van sy koppe gesien net of dit dodelik gewond was, en sy dodelike wond is genees. En die hele wêreld het verwonderd agter die dier aan gegaan.

Kom met valse vrede ook op 'n wit perd:

Openb 6:2 **En ek het gesien, en kyk, daar was 'n wit perd. En hy (Antichris) wat daarop sit, het 'n boog [die pyle word doelbewus weggesteek]; en aan hom is 'n kroon gegee, en hy het uitgegaan as 'n oorwinnaar en om te oorwin.**

Openb 19:11 Toe het ek die hemel geopend gesien; en daar was **'n wit perd**, en Hy (Jesus) wat daarop sit, word genoem Getrou en Waaragtig, en Hy oordeel en voer oorlog in geregtigheid.

Die getal; seshonderd ses-en-sestig

SES vir Satan

SES vir die Antichris

SES vir die valse profeet.

(Met Nelson Mandela se prisonier nommer wat 46664 was, het mense onlangs sonder huiwering T-hemde gedra met dieselfde nommer op.) **666 is 'n heilige nommer van die NUWE WERELDORDE .**

Die "Teëhouer"

2Thes 2:3 Laat niemand julle op enige manier mislei nie, want eers moet die afval kom (afvalligheid van die geloof in Jesus Christus) en die mens van sonde (Antichris) geopenbaar word,) die seun van die verderf (Antichris

2Thes 2:4 die teëstander (Antichris) wat hom verhef bo al wat God genoem word of voorwerp van aanbidding is, sodat hy in die Temple (in Jerusalem) van God sal sit en voorgee dat hy God is.

2Thes 2:6 En nou, julle weet wat hom (Antichris) teëhou, sodat hy op sy tyd geopenbaar kan word.

LATEST NEWS IN THE WORLD!!!!

A NEW DEVELOPMENT WHICH ELIMINATES THE NECESSITY OF USING CURRENCY OR CREDIT CARDS, AND TO HELP PREVENT FRAUD AND IDENTITY THEFT!!

Motorolla is the company producing the **microchip** for **Mondex Smartcard**.

One billion "bio-chips" are produced per year. It has been in production for at least one year.

The "**bio-chip**" measures 7mm of length and .075mm wide - as large as a grain of rice. It contains a **transponder (a system of storage for reading information in microchips)** and a rechargeable **Lithium** battery. The battery is recharged by a thermocouple circuit that produces an electrical current with the fluctuation of body temperature.

They spent more than \$1.5 Million Dollars in research just to discover **the best place to insert the "bio-chip" into the human body**. They only found two satisfactory and efficient places - The **HEAD**, underneath the scalp and the backside of the hand, specifically **THE RIGHT HAND**, (Rev 13:16 & 17) where it cannot be removed. If it is removed by surgery, the small capsule will burst and the individual would be contaminated by the Lithium and the chemical in the microbacteria, and the Global Positioning System (GPS) will detect if it was removed and will alert the authorities.

NB

Mondex means - Money on your hand.

Still in doubt???

Go to www.google.com. Search for the word "**VERICHIP**" and read some of the links. Do the same with the words "**MONDEX SMARTCARD**".

- 2Thes 2:7 Want die verborgenheid van die ongeregtigheid (wetteloosheid) is al aan die werk, net totdat hy (Heilige Gees) wat nou teëhou, uit die weg geruim is;
- 2Thes 2:8 en dan sal die ongeregtige (wettelose) geopenbaar word, hy (Antichris) wat die Here met die asem van sy mond sal verdelg en deur die verskyning van sy wederkoms tot niet sal maak,
- 2Thes 2:9 hy (Antichris) wie se koms is volgens die werking van die Satan met allerhande kragtige daade en tekens en wonders van die leuen
- 2Thes 2:10 en met allerhande verleiding van ongeregtigheid (wetteloosheid) in die wat verlore gaan, omdat hulle die liefde tot die waarheid nie aangeneem het om gered te word nie.
- 2Thes 2:11 En daarom sal God hulle die krag van die dwaling stuur, om die leuen (Antichris) te glo,
- 2Thes 2:12 sodat almal geoordeel kan word wat die waarheid nie geglo het nie, maar behae gehad het in die ongeregtigheid (wetteloosheid).

Die Antichris kan homself nie openbaar voordat die Heilige Gees, wat tans teëhou, uit die weg geruim is nie. Die Heilige Gees, huidig in die bruid, is dus die teëhouer.

Die Griekse verklaring vir ongeregtigheid is WETTELOOSHEID, Antichris staan dus vir wetteloosheid.

Die hele wêreld sisteem en gees is WETTELOOS, gereed vir die Antichris om oor te neem

Die hoofdoel van die Antichris!

- a. Een wêreld regering met die Antichris as leier.
- b. Een wêreld godsdienste met die valse profeet as godsdiensteleier.
 - a. (Moontlik die Rooms-katolieke Pous.)
- c. Een wêreld wette
- d. Een wêreld hof
- e. Een wêreld leër
- f. Een wêreld vloot
- g. Een wêreld lugmag
- h. Een wêreld skool-leerplan
- i. Een wêreld polisiemag.
- j. Een wêreld geldstelsel.

Hulle wat die merk(666) van die dier ontvang het.

Die Antichris regering sal van korte duur wees volgens die Woord van God. Net sewe jaar. (Die 70ste jaarweek van Daniël.) DAN 9 VERS 24 TOT 27.

Openb 14:9 **En 'n derde engel het hulle gevolg en met 'n groot stem gesê: As iemand die dier(Antichris) en sy beeld aanbid en 'n merk op sy voorhoof of op sy hand ontvang,**

Openb 14:10 sal hy (wat die merk ontvang het) self ook drink van die wyn van die grimmigheid van God wat ongemeng ingeskink is in die beker van sy toorn, en hy sal gepynig word met vuur en swawel voor die heilige engele en voor die Lam.

Openb 14:11 En die rook van hulle pyniging gaan op tot in alle ewigheid, en hulle het dag en nag geen rus nie (in die hel) hulle wat die dier (Antichris) en sy beeld aanbid, en elkeen wat die merk van sy naam ontvang. 666 !!!

AAN DIE EINDE VAN DIE 7 JAAR WORD DIE ANTICHRIS EN DIE VALSE PROFEET IN DIE HEL GEWERP.

Die Antichris regering sal van korte duur wees volgens die Woord van God. Net sewe jaar. (Die 70ste jaarweek van Daniël.) DAN 9:24 TOT 27

Openb 19:19 En ek het die dier (Antichris) en die konings van die aarde en hulle leërs versameld gesien, om oorlog te voer teen Hom (Jesus) wat op die perd sit, en teen sy leër.

Openb 19:20 En die dier (Antichris) is gevange geneem, en saam met hom die valse profeet wat die tekens in sy teenwoordigheid gedoen het, waarmee hy hulle verlei het wat die merk van die dier ontvang en sy beeld aanbid het. Lewend is die twee (Antichris en valse profeet) gewerp in die vuurpoel wat met swawel brand. [DIE EWIGE HEL]

Open 20:10 En die duiwel wat hulle verlei het, is in die poel van vuur en swawel gewerp waar die dier (Antichris) en die valse profeet is; en hulle sal dag en nag gepynig word tot in alle ewigheid. [Die ewige hel met 'n onuitbluslike vuur]

(Die Antichris en die valse profeet is dan alreeds 'n duisend jaar in die poel van vuur.)

Op Saterdag, 24 April 1982, was daar 'n groot berig in die Rand Daily Mail:

"THE CHRIST IS NOW HERE."

"HOW WILL WE RECOGNIZE HIM?"

*"Look for a modern man concerned with modern problems -
..... etc, etc.*

"WHO IS THE CHRIST?"

*" stands the World Teacher,
Lord Maitreya, known by etc, etc."*

"WHAT IS HE SAYING?"

*"My task will be to show you how to live together peacefully as brothers.
This etc, etc.*

"WHEN WILL WE SEE HIM?"

He has not as yet declared his tru status, etc, etc...

Maitreya is gebore op 5 Februarie 1962. Hy is die Messias van die Nuwe Wêreld Orde. (New Age)

Die Tweede seël - Die Rooi Perd - Oorlog.

Byna dadelik nadat die Antichris homself as God verklaar, kom die tweede perd van Openbaring 6 te voorskyn. Dit veroorsaak die ont-ketening van oorlog op die aarde. Die magsewewig wat die Antichris tot stand gebring het, word skielik verbreek. God begin aan die mens toon dat die Antichris se beloftes nie kan stand hou nie. Dít wat die mens die meeste vrees oorval hulle nou 'n totale oorlog.

Die rooi perd simboliseer bloed - oorlog.

Open 6:4 **En 'n ander perd, 'n vuurrooie**, het uitgekóm, en aan hom wat daarop sit, is dit gegee om die vrede van die aarde af weg te neem **en dat hulle mekaar sou doodmaak; en 'n groot swaard is aan hom**

gegee.

Matt 24:6 En julle sal hoor van oorloë en gerugte van oorloë. Pas op, moenie verskrik word nie, want alles moet plaasvind, maar dit is nog nie die einde nie.

Dan 9:26, en tot die einde toe sal dit oorlog wees, vasbeslote verwoestings.

- (1) Eerste Wêreld-Oorlog - 1914-1918
Sewe en vyftig nasies betrokke - 10 miljoen gedood - 20 miljoen vermink.
- (2) Tweede Wêreld-Oorlog - 1939 - 2 Sept 1945.
70 nasies betrokke - 35 miljoen gedood. (Atoombom.)
- (3) Derde Wêreld-Oorlog - Die slag van Armageddon - reeds in blou druk. OPENBARING 16:16

Open 9:15 Toe is die vier engele losgemaak wat gereed gehou was vir die uur en dag en maand en jaar, **om 'n derde van die mense** dood te maak. (Huidige wêreld populasie 7 miljard mense.)
Een derde van die wêreldbevolking word uitgewis!!

Sag 13:8 En in die ganse land (Israel) , spreek die HERE—tweederdes sal daarin uitgeroei word, sal sterwe, maar eenderde daarin oorbly. Twee uit elke 3 Jode word uitgewis.

Open 14:22 En die parskuip is buitekant die stad getrap, en bloed het uit die parskuip gekom tot aan die tooms van die perde (1½ meter diep) , twee honderd myl (=322km) ver.

Statistiek aangaande oorlog: 3,600 V.C.

- (1) Gedurende die tydperk van 3600 jaar voor Christus was daar altesaam 14,531 oorloë.
- (2) Daar was net 292 jaar van vrede.
- (3) Ongeveer 26 oorloë per jaar.
- (4) Een jaar van vrede elke twee dekades.
- (5) 36 ure van vrede per maand
- (6) Een minuut vrede elke vier ure.

1Thes 5:3 Want wanneer hulle sê: Vrede en veiligheid—**dan oorval 'n skielike verderf hulle soos die barensood 'n swanger vrou, en hulle** sal sekerlik nie ontvlug nie. (Wêreldleiers vergader 24 uur om

konferensietafels vir vrede.) VREDE NET BY JESUS.

Die wêreld se superkragte het nou genoeg kernammunisie om die hele menslike ras 53 keer uit te wis. Die Russe beman sommige van hul interkontinentale missiele met kern plofkoppe van 100-megaton. As een van hierdie plofkoppe oor die staat van Ohio ontplof, sal elke lewende wese in daardie staat sterf. Mense wat in die rigting van die ontploffing kyk, van so ver as 300 myl af, se oë sal uitgebrand wees voor hulle nog kans het om hul koppe weg te draai. Giftige bestraling sal doodmaak, ver anderkant die grense van die ontploffing self. En die staat sal vir eeue onbewoonbaar wees.

Sag 14:12 En dit sal die plaag wees waarmee die HERE al die volke sal tref wat opgetrek het om teen Jerusalem te veg: Hy sal hulle vlees laat wegteer, terwyl hulle nog op hul voete staan; en hulle oë sal wegteer in hulle holtes, en hulle tong wegteer in hulle mond.

Dit is presies die uitwerking wat die ontploffing van die atoombom gehad het in Japan toe die stede van Hiroshima en Nagasaki in 1945 tot puinhope omskep is. Die inwoners van daardie stede is heeltewel verteer deur die verskriklike hitte van die atoombom, en mense wat verder weg was se vleis het sommer losgeraak en afgegaan van die beendere af. [Japanner vertel van die pink perd, vel het gedisintegreer]

Die derde seël - Die Swart Perd - Hongersnood.

Open 6:5 En toe Hy die derde seël oopgemaak het, hoor ek die derde **lewende wese sê: Kom kyk! En ek het gesien, en kyk, daar was 'n swart perd; en hy wat daarop sit, het 'n skaal in sy hand.**

Open 6:6 **En ek het 'n stem tussen die vier lewende wesens hoor sê: 'n Rantsoen koring vir 'n penning en drie rantsoene gars vir 'n penning; en moenie die olie en die wyn beskadig nie.** ('n Penning = 'n dag se loon.)

Matt 24:7 ; en daar sal hongersnood wees en pessiëktes en aardbewings op verskillende plekke.

Hongersnood is die natuurlike gevolg van oorlog. Die swart kleur van die perd wys op die ellende van hongersnood. Die skaal in die hand van die ruiter vertel ons dat die voedselvoorrade so afgeneem het, dat hulle alleen in klein noukeurig-afgemete hoeveelhede uitgereik kan word.

Uit die gelykenis van die arbeiders op verskillende ure gehuur, blyk dit dat een penning die gewone dagloon van een arbeider vir een dag se arbeid was. Die pryse sal so styg dat die mense net vir voedsel sal werk. As ons noukeurig let op die maatskaplike verskynsels van ons tyd, moet ons erken dat die stryd om oorlewing by die dag moeiliker word.

Teenoor hierdie skreiende armoede en ellende, staan egter oorfloed en weelde. Dit is in die sin van die Skrifwoord: "en moenie die olie en die wyn beskadig nie." Olie en wyn is genotmiddels en weelde-artikels. Dit is tot beskikking van die rykes. Hoe kommervol die tye vir die armes ook al mag wees, oor hulle lot is die rykes geensins besorg nie.

Hongersnood volgens die Woord van God.

Deut 28:38 Jy sal baie saad op die land uitbring, maar min insamel; want die sprinkaan sal dit afeet.

Deut 28:39 Wingerde sal jy plant en bewerk maar geen wyn drink of wegbêre nie; want die wurm sal dit opeet.

Deut 28:40 Olyfbome sal jy hê in jou hele grondgebied, maar jy sal jou nie met olie salf nie; want jou olywe sal afval.

Deut 28:42 Al jou bome en die vrugte van jou land sal die sprinkaan in besit neem.

Deut 28:51 En hulle sal die vrug van jou vee en die vrugte van jou land opeet totdat jy verdelg is; wat vir jou geen koring, mos of olie, aanteel van jou beeste of aanteel van jou kleinvee sal laat oorbly totdat hulle jou tot niet gemaak het nie.

Deut 28:45 En al hierdie vloeke sal oor jou kom en jou agtervolg en jou inhaal totdat jy verdelg is, omdat jy nie geluister het na die stem van die HERE jou God om sy gebooe en sy insettinge wat Hy jou beveel het, te hou nie;

2Kon 6:24 En daarna het Bénhadad, die koning van Aram, sy hele leër versamel en opgetrek en Samaría beleër.

2Kon 6:25 **En daar was 'n groot hongersnood in Samaría, want hulle het dit beleër totdat 'n eselskop tagtig sikkels silwer (R16) en 'n kwart-kab duiwemis vyf sikkels silwer (R1) werd was.**

2Kon 6:26 **En terwyl die koning op die muur verbygaan, roep 'n vrou na hom en sê: Help, heer koning! [Net GOD kan help.]**

2Kon 6:27 Maar hy antwoord: As die HERE jou nie help nie, waarvan moet ek jou dan help? Van die dorsvloer of van die pars-kuip?
[Jesus was verraai vir 30 sikkels silwer ses rand R6-00]

Lev 26:26 As Ek vir julle die staf van die brood verbreek, sal tien vroue julle brood in een oond bak en julle brood by die gewig teruggee; en julle sal eet, maar nie versadig word nie.

Statistiek 1975—Hongersnood

1. Gedurende die 18de eeu sterf 10 miljoen mense as gevolg van honger.
2. Gedurende die 19de eeu sterf 25 miljoen mense as gevolg van honger.
3. Net in 1970 sterf 10 miljoen mense as gevolg van honger.
4. In 1975 sterf 30 miljoen mense as gevolg van honger.
5. Die Wêreld Voedsel organisasie het bekend gemaak [1975] dat die sterftesyfer weens hongersnood al 57 miljoen per jaar bereik het. [156,000 per dag.]
6. Planet Watch 15 Okt 2009—ten minste 1 miljard mense ly honger elke dag.

Gedeelte van ‘n Berig uit “The Economic Collapse.”

12 May 2011

“20 Signs That A Horrific Global Food Crisis Is **Coming”**

For years, many "doom and gloomers" have been yelling and screaming that a food crisis is coming.

Well, up to this point there hasn't been much to get alarmed about. Food prices have started to rise, but the truth is that our stores are still packed to the rafters with gigantic amounts of relatively cheap food.

However, you would have to be an idiot not to see the warning signs. Just look at what happened in Japan after March 11th. Store shelves were cleared out almost instantly.

It isn't going to happen today, and it probably isn't going to happen tomorrow, but at some point a major league food crisis is going **to strike.**”

World Hunger Statistics	Data
Total number of people that die every year from hunger	7,665,000
Total number of children that die every year from hunger	1,250,000
Total number of people who died of hunger today	21,000
Percent of world population considered to be starving	26 %
Time between deaths of people who die from hunger	3.9 seconds
Total number of people in the world who suffer from hunger and malnutrition	850,000,000
Total number of people who do not have enough to eat	945,000,000
Percent of those who do not have enough to eat who live in developing countries	98 %
Percent of world's hungry that live in just 7 main countries	65 %
Percent of U.S. households that are at risk of hunger	11%

<http://www.statisticbrain.com/world-hunger-statistics/> (2015)

“PeakOil News and Message Board

Food Crisis 2011: The Global Food Shortage Has Already Begun

- #3 The price of corn [has doubled](#) in the past six months.
- #4 The price of wheat [has roughly doubled](#) since the middle of 2010.
- #5 [According to Forbes](#), the price of soybeans is up about 50% since last June.
- #6 The United Nations is projecting that the global price of food [will increase by another 30 percent](#) by the end of 2011.
- #7 Due to all of the unprecedented flooding, the winter wheat crop in Australia [has been absolutely devastated](#).
- #13 Somewhere in the world someone starves to death [every 3.6 seconds](#), and 75 percent of those are children under the age of five.
- #14 As food has become increasingly scarce around the world, many **companies have started using whatever kinds of “fillers” that they can think of in their “food” products.** For example, [Raw Story is reporting](#) that some companies in China have actually been mass producing **“fake rice” that is made partly of plastic.** According to one Chinese Restaurant Association official, eating three bowls of this fake rice is **the equivalent of consuming an entire plastic bag.”**

Vierde Seël - Die Vaal Perd - Die Dood

- Open 6:7 En toe Hy die vierde seël oopgemaak het, hoor ek die stem van die vierde lewende wese sê: Kom kyk!
- Open 6:8 En ek het gesien, en kyk, daar was **‘n vaal perd**. En hy wat daarop sit, sy naam is die dood, en die doderyk het hom gevolg. En aan hulle is mag gegee oor die vierde deel van die aarde om dood te maak met swaard en hongersnood en pes en deur die wilde diere van die aarde.
- Matt 24:9 Dan sal hulle jul aan verdrukking oorgee en julle doodmaak; en julle sal deur al die nasies gehaat word ter wille van my Naam.

Die huidige wêreld populasie is oor die 7miljard mense. 'n Kwart van 7miljard is 1,75 miljard (Vers 8). Daar bly dus 5,25 miljard mense oor.

Volgens Openbaring 9:18 word nog een derde van die wêreld bevolking uit gewis met die slag van Armageddon. 'n Derde van 5,25miljard is 1,75miljard. Daar bly dus 3,5miljard mense oor.

Open 9:18 **Deur hierdie drie plaes is 'n derde van die mense gedood, deur die vuur en deur die rook en deur die swawel wat uit hulle bekke uitgegaan het;** (moderne wapentuig)

God se woord leer ons dat, aan die einde van dae, pessiëktes God se oordeel oor die mens sal volvoer. Wanneer Jesus die vierde seël oopmaak, sê Johannes, "Ek het gesien kyk, daar was 'n vaal perd. En hy wat daarop sit, sy naam is die dood: en die doderyk het hom gevolg. En aan hulle is mag gagee oor die vierde deel van die aarde om dood te maak met swaard en hongersnood en pes en deur wilde diere van die aarde." (Open 6:8)

Hierdie vierde perd, met 'n vaal lyk kleur, pas perfek by sy ruiters wie se naam die dood is. Die doderyk volg hom en daar val 'n menigte dode, net waar hy kom. Daar is nou aan hom mag gegee om 'n vierde deel van die aarde te dood. Hierby word groot plaes en epidemies bedoel. Daar is vier instrumente wat die dood bystaan om hierdie buitengewone mag uit te oefen en hulle is die swaard, hongersnood, pes en wilde diere. Die mens is wel bekend met allerhande pessiëktes, maar namate ons die eindtyd nader, kan ons nog meer en vreemder pessiëktes verwag.

Pessiëktes

Mat 24:7; en daar sal hongersnood wees en pessiëktes en aardbewings op verskillende plekke.

Aids Statistics: Worldwide

Nearly 37 million people are now living with HIV.

2.6 million are under the age of 15.

In 2014, an estimated 2 million people were newly infected with HIV.

220,000 were under the age of 15.

Every day about 5,600 people contract HIV—more than 230 every hour.

In 2014, 1.2 million people died from AIDS.

Since the beginning of the pandemic, nearly 78 million people have contracted HIV and close to 39 million have died of AIDS-related causes.

As of March 2015, around 15 million people living with HIV (41% of the total) had access to antiretroviral therapy.

The Regional Picture

Sub-Saharan Africa

More than two-thirds (70%) of all people living with HIV, 25.8 million, live in sub-Saharan Africa—including **88% of the world's HIV-positive children**. In 2014, an estimated 1.4 million people in the region became newly infected. An estimated 790,000 adults and children died of AIDS, **accounting for 66% of the world's AIDS deaths in 2014**.

Asia and the Pacific

In Asia and the Pacific, nearly 340,000 people became newly infected in 2014, bringing the total number of people living with HIV there to 5 million. AIDS claimed an estimated 240,000 lives in the region in 2014.

Caribbean

Approximately 13,000 people became newly infected in the Caribbean in 2014, bringing the total number of people living with HIV there to 280,000. AIDS claimed an estimated 8,800 lives in 2014.

Latin America

There were an estimated 87,000 new HIV infections and 41,000 AIDS-related deaths in Latin America in 2014. This region currently has 1.7 million people living with HIV.

North Africa and the Middle East

Approximately 240,000 people are living with HIV in this region and an estimated 22,000 people became newly infected in 2014. An estimated 12,000 adults and children died of AIDS in 2014.

Eastern Europe and Central Asia

Some 140,000 people were newly infected with HIV in 2014, bringing the number of people living with HIV to 1.5 million. AIDS claimed 62,000 lives in 2014.

Western and Central Europe and North America

In 2014, there were 85,000 new cases of HIV, bringing the number of people living with HIV in Western and Central Europe and North America to 2.4 million. An estimated 26,000 people in these regions died of AIDS in 2014.

Source: UNAIDS Report: *How AIDS changed everything*, 2015; UNAIDS 2014 Global Statistics. (Last updated July **2015**)” <http://www.amfar.org/worldwide-aids-stats/>

Skriptuurplase oor pessiectes.

Deut 28:21 Die HERE sal maak dat die pes jou aankleef totdat Hy jou vernietig uit die land waarheen jy gaan om dit in besit te neem.

Deut 28:22 Die HERE sal jou swaar tref met tering en koors en vurige koors en ontsteking en droogte en brandkoring en heuningdou; en hulle sal jou vervolg totdat jy omkom.

Deut 28:27 Die HERE sal jou swaar tref met swere van Egipte en met geswelle en skurfte en uitslag waarvan jy nie kan gesond word nie.

Deut 28:28 Die HERE sal jou slaan met kranksinnigheid en blindheid en sinsverwarring,

Deut 28:35 Die HERE sal jou tref met bese swere aan die knieë en aan die bene—waarvan jy nie gesond kan word nie—van jou voetsool tot jou skedel.

Deut 28:59 dan sal die HERE oor jou en oor jou nageslag buitengewone plaes bring, groot en aanhoudende plaes, en kwaadaardige en aanhoudende siektes;

Deut 28:61 Ook allerhande siektes en allerhande plaes wat in die boek van hierdie wet nie geskrywe is nie (bv Vigs; Tuberkulose; Malaria; Verskillende soorte Griep; Allerhande antibiotika weerstandige virusse; Ens.), dié sal die HERE teen jou laat opkom totdat jy verdelg is.

Aardbewings - Die Sesde Seël.

Open 6:12 En ek het gesien toe Hy die sesde seël oopgemaak het, en **kyk, daar was 'n groot aardbewing; en die son het swart geword soos 'n harige sak, en die maan het geword soos bloed;**

Open 6:13 **en die sterre van die hemel het op die aarde geval, soos 'n vyeboom wat deur 'n groot wind geskud word, sy naves laat afval;**

Open 6:14 **en die hemel het weggewyk soos 'n boek wat toegerol word,** en al die berge en eilande is uit hulle plekke versit;

Mat 24:7; en daar sal hongersnode wees en pessiectes en aardbewings op verskillende plekke.

Hier, in Openbaring 6, sien Johannes 'n aardbewing soos daar nog nooit tevore was nie. "Die son het swart geword soos 'n harige sak" Nou is daar geen helder sonskyn meer nie. Ook die maan se helder wit glans, word rooi soos bloed. Geen ster skyn meer in die hemel nie,

want die sterre het op die aarde geval. Die berge, reuse van onbeweeg-likheid, wankel op hulle plekke. Die eilande wat deur die eeue weer-stand gebied het teen die geweld van die golwe, word nou uit hulle plekke versit. So word die hele skepping geskud, totdat daar geen enkele ruspunt meer oorbly vir die mens, wat sy vertrou op hierdie ou aarde gestel het.

Aardbewings (Toename per eeu, soos per betroubare statistieke)

In die eerste 10 eeue na Christus was daar gemiddeld 5 aardbewings per eeu.

In die 14de eeu was daar 157 aardbewings.

In die 15de eeu was daar 174 aardbewings.

In die 16de eeu was daar 253 aardbewings.

In die 17de eeu was daar 278 aardbewings.

In die 18de eeu was daar 640 aardbewings.

In die 19de eeu was daar 2119 aardbewings.

In die 20ste eeu styg die aantal aardbewings tot 876,000. Dit is: 'n Aardbewing gemiddeld elke uur.

Statistiek Feb 2011:

1. Ongeveer 1 miljoen aardbewings skud die aarde elke jaar.
2. Gemiddeld 2,700 elke dag.
3. In 1990-1994 was daar 750 aardbesings wat bokant 6 op die Rigterskaal geregistreer het.
4. In die wêreld is daar daaglik meer as 40 aardbewings wat 2.5 en meer op die Rigterskaal registreer.
5. Op 23 Januarie 2011 was daar 41 aardbewings daardie dag wat **meer as 2,5 op die rigterskaal geregistreer het.** [Dws in 'n periode van 24 uur.] Agtien het meer as 3,5 geregistreer, elf meer as 4,5 en agt meer as 5.

Geweldige aardbewings die afgelope paar weke in Japan, Indië en Pakistan. Waar vermoedelik 80,000 mense dood is. Die Tsunami ramp op die eiland wat verwoesting gesaai het, is veroorsaak deur 'n aardbewing. Vernietigende oorstromings in Amerika. Die geboortepyne is verskriklik na aan mekaar. Die geboorte (wederkoms van Jesus) kan enige oomblik plaasvind. MARANATA!!!

Japan

Op 11 Maart 2011 was daar die groot aardbewing in Japan wat 9 op die

rigterskaal registreer het. [Op 9 Maart was daar 4 voorskokke wat 7.2, 6.0, 6.1, 6.1 op die Rigterskaal geregistreer het.] Selfs daarna was daar op **‘n stadium byna elke dag aardbewings in Japan. Daar was binne 3 dae ongeveer 150 naskokke wat ‘n aardbewing van 6.2 op die Rigterskaal insluit, op 14 Maart. Daar was altesaam 401 naskokke wat bevestig kon word.**

Honshu eiland het 2,4 meter geskuif en die dae is 1.8 mikrosekondes korter.

Na die 7.4 naskok op 7 April was 3,2 miljoen mense sonder elektrisiteit.

Op 6 Mei 2011 was daar in die staat Maine, rondom die dorpe Belfast en **Buckport, ‘n reeks van dosyne aardbewings wat inwoners die skrik op die lyf gejaag het, met portrette wat van die mure geval het . en breekgoed wat uit die kaste geval het. Dit is normaalweg nie ‘n gebied wat geteister word deur aardbewings nie.**

Ons hoor maar van ‘n druppel in die emmer. Gaan na die volgende Webtuiste en sien hoeveel daar daagliks plaasvind.

http://earthquake.usgs.gov/earthquakes/recenteqsww/Quakes/quakes_all.html

Groot Aardbewings 2011:

2 Jan	7.1	“	-	Chille.
3 Jan	7.0	“	-	Noord-Argentina.
11 Mrt	9.0	“	-	Japan.

[Japan se eiland het met 2.4 meter geskuif en elke dag is 1,8 mikrosekondes korter. Die aarde se as het 17cm geskuif.]

23 Mrt	7.0	“	-	Noord-Oos Burma.
7 Apr	7.4	“	-	Kus van Japan.
11 Apr	6.5 & 6.2	“	-	Oos Japan.

Psa 82:5 Hulle weet nie en verstaan nie; hulle loop rond in duisternis: al die fundamente van die aarde wankel.

Hab 3:6 Hy tree op en laat die aarde wankel, Hy kyk en laat nasies opskrik; verpletterd lê die ewige berge, en neergesink die ou, ou heuwels—paaie van die ou tyd vir Hom.

Aardbewings 2015		
23 Januarie	Vanuatu	6.7
11 Februarie	Argentina	6.6
13 Februarie	Reykjanes Ridge	7.0
16 Februarie	Japan	6.8
19 Februarie	Vanuatu	6.5
27 Februarie	Flores Sea	7.0
29 Maart	Papua New Guinea	7.5
30 Maart	Tonga	6.5
17 April	Fiji	6.5
25 April	Nepal	7.8
25 April	Nepal	6.7
26 April	Nepal	6.7
30 April	Papua New Guinea	6.7
1 Mei	Papua New Guinea	6.8
5 Mei	Papua New Guinea	7.4
7 Mei	Papua New Guinea	7.1
12 Mei	Nepal	7.3
12 Mei	Japan	6.8
19 Mei	Pacific-Antarctic Ridge	6.7
20 Mei	Santa Cruz Islands	6.8
22 Mei	Solomon Islands	6.9
22 Mei	Solomon Islands	6.8
29 Mei	Alaska	6.8
30 Mei	Japan	7.8
17 Jun	Southern Mid-Atlantic Ridge	6.9
20 Jun	Chile	6.6
20 Jun	Fiji	6.5
21 Jun	Fiji	6.5
23 Jun	Japan	6.5

10 Jul	Solomon Islands	6.8
16 Jul	Barbados	6.5
18 Jul	Santa Cruz Islands	6.9
27 Jul	Alaska	6.9
27 Jul	Indonesia	7.0
10 Aug	Solomon Islands	6.9
12 Aug	Solomon Islands	6.5
15 Aug	Solomon Islands	6.5
13 Sept	Mexico	6.6
16 Sept	Chile	8.3
16 Sept	Chile	7.0
17 Sept	Chile	6.5
17 Sept	Chile	6.6
21 Sept	Chile	6.6
24 Sept	Indonesia	6.6
20 Okt	Vanuatu	7.1
26 Okt	Afghanistan	7.5
4 Nov	Indonesia	6.5
7 Nov	Chile	6.9
8 Nov	Nicobar Islands	6.5
11 Nov	Chile	6.9
11 Nov	Chile	6.8
13 Nov	Japan	6.6
17 Nov	Greece	6.5
18 Nov	Solomon Islands	7.0
24 Nov	Peru	7.5
24 Nov	Peru	7.6
26 Nov	Peru	6.7
4 Des	Southeast Indian Ridge	7.1
7 Des	Tajikistan	7.2
9 Des	Banda Sea	7.0
17 Des	Mexico	6.5

Inligting van Tabelle op vorige 2 bladsye kan gevind word by:
<http://www.world-earthquakes.com/index.php?option=eqs&year=2015>

Maroela Nuus - 5/12/2015. "Die jaar 2010, met 21 groot aardbewings, hou nog die rekord." Vanjaar was daar 20 aardbewings wat 7 of meer op die rigterskaal geregistreer het.

Oorstromings

Job 12:15 Kyk, Hy hou die waters terug, en hulle verdroog; ook laat Hy hulle los, en hulle keer die aarde om.

Psa 33:7 **Hy versamel die waters van die see soos 'n hoop;** Hy bêre die wêreldvloede weg in skatkamers.

Luidens 'n verslag, getiteld Climate Alarm, van Oxfam die invloed-ryke hulpenigingsorganisasie, het die wêreld sedert 1980 'n sesvoudige toename in oorstromings en vloede beleef.

Die voorkoms van natuurrampe wêreldwyd het die afgelope twee dekades viervoudig toegeneem van gemiddeld 120 per jaar tot soveel as 500 in 2007.

Die aantal mense wat hierdeur geraak is, het met byna 50% van 174 miljoen in die middel jare tagtig tot 254 miljoen per jaar tussen 1994-2004 toegeneem.

Van 1994 - 2004 is jaarliks gemiddeld 254 miljoen mense deur vloedwater geraak. Daarenteen is 248 miljoen mense vanjaar (2007) net in Asië deur vloede geraak.

In die 1980's is gemiddeld 6 000 mense jaarliks weens klimaat- verwante rampe dood. In 2005 het dit die lewens van 14 000 mense geëis.

Die enigste betroubare bron:

Die Bybel is die mens se enigste betroubare gids oor die toekoms. Die onderskrif by 'n spotprentjie onlangs in 'n groot koerant het gelui: " 'n Man met een horlosie weet hoe laat dit is - 'n man met twee is nooit seker nie." Om doodseker te wees hoe laat dit op God se horlosie

is, kyk na die Skrif as die enigste betroubare bron van inligting oor die mens se toekoms. Astroloë, fortuinvertellers en selfs wetenskaplikes raak almal deurmekaar as dit kom by die wêreld van môre.

'n Oorsig oor die gebeure rondom die wederkoms van Christus en die gebeure aan die einde van die tyd, beslaan sowat 1 845 verse in die Bybel. Ons lees op talle plekke van die "laaste dae" of die "einde van die tyd" en dat die "dag van die Here" - "groot" vir dié wat gered is en "vreeslik" vir dié wat verdoem is. Die beloftes oor Sy wederkoms in die Nuwe Testement is onmiskenbaar duidelik. Jesus het aan Sy dissipels die versekering gegee:

Joh 14:1 Laat julle hart nie ontsteld word nie; glo in God, glo ook in My.

Joh 14:2 In die huis van my Vader is daar baie wonings; as dit nie so was nie, sou Ek dit vir julle gesê het. Ek gaan om vir julle plek te berei.

Joh 14:3 En as Ek gegaan en vir julle plek berei het, kom Ek weer en sal julle na My toe neem, sodat julle ook kan wees waar Ek is.

Openbaring 3 eindig met 'n toe deur en Jesus Christus wat buite staan en klop. Maar Openbaring 4 begin met 'n oop deur in die Hemel waardeur Jesus kom om Sy Bruid te kom haal. Die einde van hoofstuk 3 is ook die einde van die Kerk - tydperk en die teken van die Wegvoering wat gaan plaasvind. Daarom lees ons in Opb 4 "Na hierdie dinge het ek gesien - kyk, 'n geopende deur in die Hemel, en die eerste stem wat ek soos 'n Basuin met my hoor spreek het, het gesê: KOM OP HIERHEEN, en Ek sal jou toon wat na hierdie dinge moet gebeur." "Na hierdie dinge" (Meta - Tauta) m.a.w. NA die Kerkperiode. Opb 1-3 word 19 keer gepraat van die Kerk, dan nie weer voor Opb 19 nie. Na Opb 3 kry jy nie weer die woord "Kerk" of "Gemeente" nie - want die Kerk is Weggevoer na die Hemel. { DAKES ANNOTATED REFERENCE BIBLE. }

Die woord "WEGGEVOER" in 1 Thes 4:17 (Harpazo in Grieks) beteken om vinnig weggeruk te word. Hierdie woord word dan ook gebruik om die aksie te beskryf wanneer n arend sy prooi gryp en vinnig daarmee wegvlieg.

Die bewering deur sommige kritici dat die woord "Wegrapping" nie in die Bybel voorkom nie, is dus van alle waarheid ontbloot. Die woord "HARPAZO" kan vertaal word as. (1) Wegvoer. (2) Weggraap. (3) of vinnig wegruk. HALLELUJA, MARANATA - JESUS KOM SPOEDIG !!!

Open 3:20 Kyk, Ek staan by die deur en Ek klop. As iemand my stem hoor en die deur oopmaak, sal Ek ingaan na hom toe en saam met hom maaltyd hou, en hy met My.



Jesus se uitnodiging !!!!!

1Joh 1:9 As ons ons sondes bely, Hy is getrou en regverdig om ons die sondes te vergewe en ons van alle ongeregtigheid te reinig. \ Psm 38:19(b) Ek is bekommerd oor my sondes !!!

Tussen die hemel en die hel **is daar 'n kloof**—die kloof van die ewigheid. Hierdie kloof is onoorbrugbaar. Tussen die hemel en **die aarde is daar ook 'n kloof**—die kloof van tyd. Hierdie kloof is egter oorbrugbaar deur die **bloed van Jesus Christus**. U sal eendag self voor God moet staan en rekenskap gee van u lewe. U sal nie kan sê dat u nie geweet het nie.

Joh 12:48 Wie My verwerp en my woorde nie aanneem nie, het een wat hom oordeel: die woord wat Ek gespreek het, dit sal hom oordeel in die laaste dag. \ Hand 17:30 onkunde oorgesien

Jes 1:18 Kom nou en laat ons die saak uitmaak, sê die HERE: al was julle sondes soos skarlaken, dit sal wit word soos sneeu; al was dit rooi soos purper, dit sal word soos wol.

Amos 4:12 –.....**maak jou klaar om jou God te ontmoet,.. “MARANATA=JESUS KOM SPOEDIG TERUG !**

Saamgestel deur:

Past Willie Horne
Posbus 872
KLEINBRAK
6503

Epos: konanja333@gmail.com
Webtuiste: www.ramshoring.co.za

Indien u enige berading, geestelike hulp of gebed benodig, kan u ons kontak by bogenoemde kontak besonderhede.

Die Here seën U !!!



As ons ontmoet en jy vergeet ons, het jy niks verloor nie, maar as jy **Jesus Christus** ontmoet het en jy vergeet **Hom**, het jy alles verloor.

